

20

EK HET ALTYD 'N KEUSE

Die voorbeeld van Daniël

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet wat groepsdruk is en in staat wees om hulle eie Bybelse oortuigings uit te leef.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- ons graag goedkeuring wil hê van ander;
- ons dikwels ons beginsels oorboord gooi om *in* te wees by die groep; en
- groeplede nie altyd 'n positiewe invloed op mekaar het nie.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om Bybelse beginsels van morele en sedelike waardes uit te leef.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om met die leiding van volwassenes ander kinders wat verkeerde dinge doen, te waarsku.

MEER INLIGTING (Daniël 1)

Het julle gedink dat dit net kinders is wat uitgelewer is aan groepsdruk? Moenie glo nie! Kyk maar net na volwassenes se gedrag: Hoe dikwels het jy nie al gesien hoedat volwassenes by 'n braaivleisvuur staan en drink, en om sy pêle te beïndruk, die lelikste grappe kan vertel en die vuilste taal kan gebruik nie? Dikwels raak jy teleurgesteld in hierdie mense, want jy het dit nooit van hulle verwag nie! Of hoe mense begin deelneem aan 'n skinderstorie, ten spyte daarvan dat hulle vir jou sal vertel hoe verkeerd dit is?

Maar het jy ook al gesien hoe sommige mense dit regkry om hulleself te handhaaf, selfs al maak dit hulle ongewild? Sulke mense is nie bekommerd oor wat ander van hulle gaan sê nie,

en hulle gee nie om om *uit* te wees nie. Inteendeel, hulle verkies dit so. Hierdie soort mense dwing respek by ander af, mense is nogal geneig om op hulle staat te maak en hulle te vertrou. Hulle is natuurlike leiers en mense van integriteit wat staan vir die waarheid.

Die voorbeeld van Daniël in die Ou Testament staan hier baie sterk uit. Ons weet hoe begaaf Daniël en sy vriende was, tot so 'n mate dat koning Nebukadnesar hulle aangestel het om sy paleis se boekhouding en administrasie te behartig. Daar was net een probleem: Daniël en sy vriende moes van die koning se spyskaart met allerhande ongesonde kosse eet en wyn drink. Hulle is ook by geleentheid verbied om enige ander god behalwe die koning te aanbid. Daniël en sy vriende het volstrek geweier om dit te doen. Hulle het die kok oorgehaal om vir hulle net groente en water te gee, en hulle was aan die einde baie gesonder as die res van die personeel. Al het almal ingestem om geen ander god behalwe die koning te aanbid nie, was Daniël en sy vriende rolmodelle. Vir hulle was dit nie eens 'n kwessie nie: Hulle sou voor geen ander god as God, die Almagtige, buig nie. En God het hulle daarvoor beloon.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed en vra die Here om ons te lei om nie te val voor slegte groepsdruk nie.

HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit wie saam met vriende betrokke geraak het by die nood van ander. Laat hulle vertel.
- Kontroleer wie die volgende feite kan onthou deur onderstaande te voltooi:
 - Ons is kinders van die Here, daarom moet ons mense *in nood* help.
 - Ek moet enige mens, ongeag sy *taal of kultuur*, help as hy of sy in die nood is.
- Kontroleer of hulle die woorde van Matteus 7: 21 ken deur die volgende te voltooi: *Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Jou geloof en jou lewe mag nie losgemaak word van mekaar nie. Dit is belangrik dat jy die Bybel as riglyn sal gebruik vir wat jy doen en wat jy los. Dan moet jy sorg dat jy daarby bly.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING hier aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Lees Daniël se eerste hoofstuk aandagtig deur en prent die volgende by hulle in:

- Daniël was 'n beginselvaste jongman.
- Daniël het elke dag 'n paar keer gebed.
- Daniël en sy vriende het geweier om toe te gee aan die opdrag van die koning: Hulle het nie voor hom gebuig nie, en hulle wou ook nie die kos eet wat aan afgode gewy is nie.
- Die Here het Daniël en sy vriende bewaar omdat hulle getrou was.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Hou 'n bespreking, en help dan met die regte antwoorde.

- Gee 'n definisie van groepsdruk. *Groepsdruk is wanneer 'n mens nie die moed van jou oortuiging het om self te besluit hoe jy in 'n situasie wil optree nie. Al gaan dit teen jou oortuiging in, doen jy maar saam met almal, want jy wil nie uit voel nie.*
- Hoe help die voorbeeld van Daniël en sy vriende jou om te besluit of jy aan groepsdruk wil toegee? *Daniël en sy vriende het nie afgewyk van dit waarin hulle geglo het nie, en hulle het daarmee volgehou, selfs toe dit vir hulle gevaarlik geword het.*
- Noem 'n paar voorbeelde van groepsdruk waaraan tieners vandag onderwerp word. *Dink hier aan dinge soos rook, drink, seksuele verhoudings, misdad, ensovoorts.*

BY DIE HUIS

DOEN

- Bring 'n tyd in stilte deur, en dink oor jou eie lewe. Met watter dinge waaraan jy deelneem, is jy ongemaklik? Wat verhoed jou om daarmee te stop? As jy sukkel om met slegte gewoontes te breek, gesels met jou dominee of iemand wat jy kan vertrou. Behalwe vir die raad wat jy sal kry, sal hulle ook saam met jou bid. En jy sal dit makliker vind om te breek met slegte gewoontes.
- Indien jy bewus is van kinders wat hulle lewens verwoes deur dwelms, seks of enige ander lewensvernietigende dinge, waarsku hulle met die hulp van julle dominee, klasonderwyser, ensovoorts.

LEER

Memoriseer Daniël 1: 8a: *Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie...*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Reël met een van die kinders om volgende week met gebed te open en dat daar spesiaal gebed word vir die mense wat ons moet beskerm soos die polisie, weermag, ensovoorts.